



RAADSKOERANT

BOERE-AFRIKANERVOLKSRAAD

www.volksraad.co.za

kontak@volksraad.co.za

Tel: 012 802 4285

Nommer 10

Vrydag 24 Junie 2016

VOLKSRAADKENNISGEWING

Die Volksraad het tydens sy vergadering van 29 April 2016 te Orania vir ds. Ferdie Devenier versoek om namens die Volksraad 'n antwoord te skryf op die oproep vir "versoening" soos vervat in 'n memorandum wat deur dr. J.J. Gerber van die NG kerk opgestel is en deur die Algemene Kommissie van die NH kerk ondersteun en aan gemeentes van dié kerk versprei is. Die Volksraad se antwoord op die "versoenings"oproep word hieronder vir algemene kennisname gepubliseer.

A.E. BREYTENBACH
Voorsitter

Kleinfontein, 24 Junie 2016

Die Boere-Afrikanervolksraad se standpunt op 'n voorgestelde aanmoediging tot ekumeniese versoening soos vervat in 'n memorandum deur dr. J.J. Gerber van die NG kerk.

Dit het onder die Boere-Afrikanervolksraad se aandag gekom dat 'n skrywe/memorandum aan verskillende kerke gerig is, met veral blanke Afrikaanssprekendes as lidmate van hierdie kerke, met die bedoeling om ons volksgenote hierdeur te beïnvloed en te probeer beweeg tot sogenaamde versoeningsaksies vanaf die 16de Junie tot en met die 16de Desember 2016.

Baie fyner besonderhede word in die skrywe, wat sy beslag gekry het deur die pen van ene dr. J.J. Gerber van die NG kerk, gegee met aanbevelings en datums waarin die Afrikaanssprekende blanke lidmate van kerke sterk aangemoedig word, en 'n sterk "pleidooi" gerig word om die beplande versoeningsaksie/s nie net mee te maak nie, maar dat *hulle* dit eintlik moet maak werk. In die skrywe op bl. 3 lees ons:

"Sonder (Afrikaanse) witmense is die dag

sinloos.

1.12 Dit spreek vanself dat 'n aksie soos die tot niks kom indien daar nie 'n substansiële verteenwoordiging van witmense is nie!"

Dit is egter ons mening dat die redes vir die sogenaamde versoeningsaksie nie soseer te doen het met 'n vertikale versoening tot God-drie-enig soos voorgegee word nie, maar juis eerder daarmee te doen het om 'n finale breuk te bring tussen die Boere-Afrikanervolk (of Boervolk of Afrikanervolk) en God-drie-enig, of die God van die Bybel, of dan wel ook die God van Bloedrivier wat ons volk se planting in Suid-Afrika juis bevestig het met die oorwinning aan Boerekant op daardie dag.

Die feit dat hierdie skrywe van Gerber poog om 16 Desember goedsmoeds deel te maak van 'n ekumeniese proses tot versoening, is te sien in die woorde op bl. 4 van Gerber se skrywe, en ek haal aan:

"3. 16 JUNIE TOT 16 DESEMBER

3.1 Die dag van 16 Junie moet die sneller wees van 'n veel groter proses van versoening en heling vir hierdie nasie. Die oortuiging het baie gou by die 16 Junie-generasie, die diensplig-generasie en die kerke posgevat dat 16 Junie ons moet help na 16 Desember en met alles en alle emosies wat daarmee saamgaan."

Wat die swart geestelike leiers maak met 16 Junie is sekerlik hulle saak, sowel as dié van die ou NP regering; dit is nie die Boere-Afrikanervolk se saak nie. Ons volk se saak is wel duidelik met God, veral in die lig van 'n geskiedkundige dag soos 16 Desember. 'n Vorige minister van die ou NP regering het reeds gaan voete was en om verskoning gaan vra vir sy aandeel in die NP se sake en besluite. So ook het prof. Potgier van die NG kerk in 1990 reeds bely dat hy nie deel van 'n eie volk wil wees

nie, maar dat die nuwe reënboog vir hom 'n pot goud veronderstel. Verder, vanaf 1994 betaal die Afrikaner met sy hele lewensbestaan vir al die goeie wat hy wel gedoen het aan die ander volke van hierdie land. Daar is baie feite daarvoor te vinde vir die eerlike soeker daarna, en ons gaan nie nou daarop in nie.

GELOFTEDAG IS NIE ONDERHANDELBAAR NIE

Weet egter vandag in geen onduidelike taal dat Geloftedag nie onderhandelbaar is vir die Boere-Afrikanervolksraad en volksgenoot wat die God van die Bybel vrees, en nie 'n dwaas wil wees nie. Die Boere-Afrikanervolk se saak op 16 Desember elke jaar is nie met enigiemand anders as net met die God van Bloedrivier nie. Hy eis van ons volk om Hom te eer vir die oorwinning wat Hy alleen aan ons gegee het op 16 Desember 1838, en ons durf nie daardie dag verander, of vervreem van ons volk, deur hulle op 'n dwaalweg te lei nie. Ons is ernstig oor 16 Desember, om dit te bewaar as dag van Geloofte aan God, al moet dit ons lewens kos! Ons is nie bereid om dit te verander na enige ander dag, wat benaming of versoeningsaksies aanbetref nie. Hoe mooi dr. Gerber ook al die ekumeniese proses wil inkleur met akademiese woorde, het vir ons geen waarde nie, maar is gelyk aan slangtaal, die taal van die verleier. Wat vir ons alleen gesag het is nie die mooi sogenaamde akademiese taal van Gerber of wie ook al nie, maar alleenlik die gesag van God se Woord. Die Prediker verklaar, en ek haal aan uit die 1933/53 Afrikaanse vertaling:

Pred 5:1-5:

“1 Wees nie haastig met jou mond nie, en laat jou hart nie gou 'n woord uitbring voor die aangesig van God nie; want God is in die hemel, en jy op die aarde. Daarom moet jou woorde min wees.

2 Want soos die droom kom deur baie drukte, so die gepraat van die dwaas deur baie woorde.

3 As jy 'n gelofte aan God gedoen het, stel nie uit om dit te betaal nie, want daar is geen welgevalle in dwase nie. Betaal wat jy belowe.

4 Dit is beter dat jy nie belowe nie as dat jy belowe en nie betaal nie.

5 Laat jou mond nie toe om op jou liggaam 'n sondeskuld te laai nie, en sê nie voor die gesant van God: Dit was 'n vergissing nie. Waarom

moet God toornig word oor jou stem en die werk van jou hande verwoes?”

Die feit dat Gerber en andere 'n doelbewuste poging aanwend om die Boere-Afrikanervolk los te maak van die wese van Geloftedag, nie net nou eers nie, maar reeds vandat baie sogenaamde leiers dit ook *versoeningsdag* begin noem het net ná die koms van die sogenaamde nuwe SA:

a) *Wys óf hulle onkunde:*

Die Woord is duidelik dat ons nie onself agterna kan verskoon van ons gelofte met God, net omdat ons volk se blanke of swart vyande so vra of voorstel of eis nie. Sou ons *mense meer gehoorsaam wees* as wat ons God sou wees, en Geloftedag verander na 'n humanistiese ekumeniese dag van versoening, sal ons God se toorn oor ons ophaal en sal Hy die werk van ons hande verwoes. Weet hierdie leiers wat ons wil weglei van Geloftedag met sy vertikale betekenis om God te eer, dan nie dat 'n horisontale ekumeniese vredesproses wat dit juis wil vervang, nie God gaan eer nie, maar juis gaan ont-eer nie? Terwyl hulle voorgee daar is 'n vertikale versoening met God nodig en dat hulle ons daarheen wil lei, is hulle besig om juis ons vertikale verhouding met God aan te tas. Ons skuld God Sy eer elke dag, maar veral op 'n dag soos 16 Desember. Dit is nie onderhandelbaar nie.

b) *Tweedens wys dit dat daar valse leiers is wat verleiers van ons volk is om ons weg te sleep na 'n totaal anti-christelike aanslag op ons volk.*

Die gees van die antichris is juis om grense wat God daargestel het, te ontken, en een mengmoes daar te stel, ten einde slegs wêreldburgers te wees wat hulle dan sal onderwerp aan die regering van die antichris, en die gees van humanisme. Ons lees juis in die boek Daniël dat daar 'n tyd sal wees wanneer daar 'n kunstmatige gemeng van volke sal plaasvind, “hulle meng maar kan nie meng nie”.

Dan 2:41-43:

“41 En dat die voete en die tone, soos u gesien het, deels van pottelbakkersklei en deels van yster was — dit sal 'n verdeelde koninkryk wees, en van die hardheid van die yster sal daarin wees, omdat u die yster met kleigrond

gemeng gesien het.

42 En dat die tone van die voete deels van yster en deels van klei is — 'n gedeelte van die koninkryk sal hard en 'n gedeelte sal bros wees.

43 Dat u die yster gemeng met kleigrond gesien het — hulle sal deur menslike gemeenskap onder mekaar vermeng raak, maar hulle sal nie aanmekaar vasklewe nie, net soos yster nie met klei meng nie.”

Ons lees op bl. 2 par. 2 van die memorandum die volgende opmerking as deel van die motivering tot hierdie ekumeniese versoening:

“*n Ander belangrike konsensus het ontstaan: Die kerke van die land moet eienaarskap vir hierdie proses aanvaar: Dit is nie die taak van die politici nie.*”

Dit is ons mening dat sommige kerke lankal die instrument van die politici geword het ten einde juis 'n politieke mikpunt te bereik. Die politici weet as hy die mens in sy godsdiens kan mislei, dan kan hy hom mislei om die politici se doelwitte te bereik.

Nog voordat die ou Konserwatiewe Party gestig was, was daar sekere gebeure wat juis sou veroorsaak dat so party gestig moes word ten einde 'n instrument te moes wees van verdeling in Afrikanergeleedere. Wyle dr. Willie Marais, wat jare lank 'n groot naam was in die NG kerk, en ook sy volk liefgehad het, en Geloftedag geëer het soos bedoel word deur die Skrif, het juis 'n boek geskryf *Geloftedag en die Afrikaner*, waarin hy duidelik ons volk aanmoedig om hierdie dag te eer en te vier soos ons moet.

Dr Gerber begin die laaste paragraaf op bl. 1 van die memorandum, dat hy “*n Besondere stukkie gebeure as agtergrond*” het wat hy wil deel. Wel, ons het ook 'n stukkie agtergrond-geskiedenis van besondere belang, en dit kom uit 'n ander boek van wyle dr. Willie Marais, en wel vanuit sy outobiografie, ‘*n Man van God gestuur*. Daarin op bl. 149-150 verwys hy juis na gebeure jare gelede, wat plaasgevind het in Amerika by 'n sekere leiersbyeenkoms waarheen hy uitgenooi was. Daardie leiers het gepraat oor hoe om die blanke regering in SA te laat val sodat ons 'n swart regering kon kry. En nadat hulle die NP geskeur het, het een van die Amerikaanse leiers opgemerk, “*Daar is nog een struikelblok wat uitgeskakel moet word en dit is die Nederduits Gereformeerde kerk. Die*

kerk sal moet skeur om van sy konserwatiewe elemente ontslae te raak.”

Dr Willie was baie kwaad daarvoor en het hulle teengestaan met sy woorde, maar hy was nooit weer daarheen uitgenooi nie, en hulle het die NG kerk verdeel. Dit was deel van die aanloop tot die totstandkoming van die Afrikaanse Protestantse kerk.

Terwyl hierdie geestelike leiers voorgee hulle wil ons volk lei tot versoening, en dat dit juis nie die taak van die politici is nie, maar van die kerk, is hulle as valse leiers juis 'n instrument in die hand van die vyande van ons volk en van die politici om hulle politieke doelwitte te bereik. Om 16 Desember as Geloftedag van die Boere-Afrikanervolk te vervreem is nie 'n terloopse gedagte, of 'n toevalligheid nie, maar deel van 'n groter plan om God se toorn oor ons te bring, en tweedens om seker te maak ons word verder verdeel. Hierdie leiers en dié wat hulle glo en volg het dan reeds verval onder die oordeel van die Woord in 2 Thes 2:11-12:

“11 En daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo,

12 sodat almal geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie, maar behae gehad het in die ongeregtheid.”

Die woorde van dr. Gerber op bl. 4 heel onderaan lui:

“4.2 *Bou vertrouwe in mekaar deur met mekaar te deel: Kuier saam, eet saam, bly saam, gaan saam weg, speel saam, werk saam.*” (eie beklemtoning).

Dit is ons mening dat die meerderheid swartes dit nie so wil hê nie, en hulle het wel die luuksheid om dit te sê, want hulle is trots op hulle kultuur, hulle is die meerderheid gemeet aan die blankes, en hulle is aan bewind in hierdie land.

Net soos baie ander volke in die wêreld begeer om oor hulleself te regeer, en immigrasiewette het wat dit ondersteun, en die meerderheid van daardie lande en volke se mense dit so wil handhaaf, net so wil ons as volk steeds suiwer bly en nie meng nie, ter wille van ons suiwer geloof in God drie-enig. Dit bring juis vrede wanneer groepe van verskillende godsdiensdienste en opinies en lojaliteite geskei van mekaar sou woon, elkeen op sy eie plek. Steeds vandag hou

swart etniese groepe hulleself op hulle eie; en soort soek soort, ook onder hulle. Om mense kunsmatig te probeer saamgooi sal nie eers ekumeniese vrede bring nie, maar intendeel net 'n teelaarde skep waar onenigheid kan uitbroei.

Die Duitsers en Franse leef nou in vrede, maar dwing hulle saam en jy sal oorlog kry. Dwing die Zoeloes en Xhosas saam, en jy sal 'n teelaarde skep vir probleme tussen hulle.

Hierdie leiers wat hierdie versoening egter aanmoedig, weet dat ons as blankes 'n minderheid is, en derhalwe moet ons voortdurend herinner word om van ons kant af tog te versoen. Eintlik moet ons onself en ons bestaan heeltyd verloën, sodat die massas wat nie van ons is nie, hulle weg met ons kan kry, en ons altyd net vrywillig slawe kan wees van almal wat ons nie wil gun om onself te wees nie.

Nadat Israel vir 'n tyd in ballingskap was, soos wat ons nou ook is, was daar diegene onder hulle wat die geloof vervals het deur met vreemde vrouens wat God nie geken en gedien het nie, te trou, en hoor die woorde van Nehemia hieroor:

Neh 13:23-27:

23 *In dié dae het ek ook Jode gesien wat Asdodiese, Ammonitiese, Moabitiese vroue getrou het.*

24 *En van hulle kinders het die helfte Asdodies gepraat, of die taal van watter volk ook al; maar hulle kon geen Joods praat nie.*

25 *Daarom het ek met hulle getwis en hulle gevloek, en sommige van hulle geslaan en die hare uitgepluk en hulle by God besweer: Julle mag julle dogters nie aan hulle seuns gee, en julle mag nie van hulle dogters vir julle seuns of vir julleself neem nie!*

26 *Het Salomo, die koning van Israel, nie deur hulle gesondig nie? Alhoewel daar onder baie nasies nie 'n koning gewees het soos hy nie en hy 'n liefeling van sy God was, sodat God hom as koning aangestel het oor die hele Israel, het die vreemde vroue hom tog sonde laat doen.*

27 *Moet ons nou van julle hoor dat julle al hierdie groot kwaad doen, om ontrou te handel teen God deur vreemde vroue te trou?*

c) ***Derdens wys hierdie voorstel van hierdie leiers dat hulle eie harte nie meer met die God van Bloedrivier is nie:***

Anders sou hulle aan enige persoon wat so iets wou voorstel, gesê het met vermaning in hulle stemme, "gaan weg agter my satan, want jy is vir my 'n struikelblok", soos wat die Meester self aan Petrus moes sê toe hy Jesus van die weg af wou kry wat die Vader vir Hom bepaal het.

DIE OPROEP VAN DIE BOERE-AFRIKANERVOLKSRAAD IS

a) ***Hou julle hande van ons erfenis af!***

Laat ons toe om die volk vir God te wees wat ons moet wees. Moenie ons volksgenote probeer mislei om deel te wees van 'n reënboog wat nie werklik 'n pot goud het nie. Moenie ons deel wil maak van die nuwe wêreldorde se planne van een godsdiens, een regering onder die antichris, en een wêreld ekonomie nie. Die woorde van Jesaja is daarom steeds van toepassing op ons volk, en waardeur Israel se valse leiers juis nog meer skuld op die volk gebring het as wat daar reeds was omdat hulle 'n valse vrede verkondig het sonder die eis van ware bekering:

Jes 9:12-16

12 *Maar die volk bekeer hulle nie tot Hom wat hulle slaan nie, en hulle soek nie die HERE van die leërske nie.*

13 *Daarom sny die HERE van Israel af kop en stert, palmtak en biesie, op een dag.*

14 *Die oudste en aansienlike, dié is die kop, en die profeet wat leuens profeteer, dié is die stert;*

15 *en die leiers van hierdie volk het verleiers geword, en dié van hulle wat gelei word, is op 'n dwaalweg gebring.*

16 *Daarom sal die Here oor hulle jongmanne nie bly wees nie en Hom nie ontferm oor hulle wese en hulle weduwees nie; want hulle is almal roekelose mense en kwaaddoeners, en elke mond spreek goddeloosheid. Ondanks dit alles is sy toorn nie afgewend nie, maar sy hand is nog uitgestrek.*

Die verkose Boere-Afrikanervolksraad het wel reeds ons volk opgeroep tot verootmoediging voor God en om ons eie sondes voor God te bely. Om Geloftedag te vier en te eis dat ons as volk alleen gelaat sal word om God te eer, is geen sonde nie, en ons sal dit nooit bely as sodanig nie. Deur dit voortaan anders te vier deur elke jaar "jammer ek is wit" toesprake te

moet aanhoor van valse geestelike leiers sal niks anders wees as 'n verloëning van wat die dag inderdaad vir die Boere-Afrikanervolk beteken nie. Inteendeel, om dit nie te vier as dag van dank en eer aan God drie-enig nie, sal ons in dieper skuld plaas by God as wat ons reeds mag wees, aangesien Hy ons gebring het waar ons is. Ons vryheid is ons heel moontlik ontnem omrede ons ook ander sondes het om te bely voor God. Sou ons Geloftedag nie vier soos Bybels voorgeskryf nie, sal ons juis die grootste skuld op ons laai en God nog meer vertoorn. Dit is die skrywer hiervan se mening dat daar juis reeds te veel volksgenote is wat die dag van 16 Desember as Geloftedag in die verlede nie reg gevier het nie, en daarom het ons die Here reeds daardeur vertoorn.

Dit is duidelik dat hierdie leiers die smartlike wond wat ons volk reeds opgedoen het deurdat ons ons vryheid moes prysgee, ons werksgeleenthede ons ontnem is met die gepaardgaande armoede van ons *eie volk*, die plaasmoorde en ander misdade teen ons volk, op 'n menslike maklike manier wil probeer genees, en nie op God se manier nie. Die woorde wat ek reeds aangehaal het in Jes 9 is juis God se antwoord aan Israel, toe hulle op eie menslike wyses (net soos hierdie ekumeniese menslike versoeningsaksies), probeer het om voor te gee dat God se toorn oor Sy volk maar net 'n tydelike terugslag was, en dat hulle dan met hulle eie humanistiese pogings die volk se omstandighede sou verbeter. Verse 10, 11, 16 en 20 van Jes. 9 wys egter dat dit God nie beïndruk het nie, maar dat Hy inteendeel die krane stywer sou aandraai in hulle volksbestaan, omdat ware bybelse bekering nie plaasgevind het nie, maar hulle op menslike wyses gemeen het hulle sou die land maar net in hulle eie kragte en met eie planne en vermoëns opbou:

Jes. 9:10-12, 16, 18, 20:

*“10 ..., en hulle vyande sal Hy ophits:
11b Ondanks dit alles is sy toorn nie afgewend nie, maar sy hand is nog uitgestrek.
12 Maar die volk bekeer hulle nie tot Hom wat hulle slaan nie, en hulle soek nie die HERE van die leërskaie nie.”
“16 Daarom sal die Here oor hulle jongmense nie bly wees nie en Hom nie ontferm oor hulle wese en hulle weduwees nie; want hulle is almal roekelose mense en kwaaddoeners, en*

elke mond spreek goddeloosheid. Ondanks dit alles is sy toorn nie afgewend nie, maar sy hand is nog uitgestrek.”

“18 Deur die grimmigheid van die HERE van die leërskaie staan die land in vlamme en het die volk geword soos 'n prooi van die vuur; die een spaar die ander nie.”

“20 Manasse vir Efraim, en Efraim vir Manasse, en hulle saam is teen Juda. Ondanks dit alles is sy toorn nie afgewend nie, maar sy hand is nog uitgestrek.”

b) Dit is verder ons oproep aan ons eie mense om hulle voor God-drie-enig te verootmoedig,

hulle eie individuele sondes voor God te erken en te bely, en dan te bid dat God ons volk weer sal uitlei na vrede en veiligheid waar ons Hom sal dien soos ons moet.

2 Kron 7:13-14:

*13 “As Ek die hemel toesluit, dat daar geen reën is nie, of as Ek die sprinkaan beveel om die land af te eet, of as Ek pes onder my volk stuur,
14 en my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en my aangesig soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë, dan sal Ek uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees.”*

c) Ons oproep is verder teenoor ons eie volksgenote om te bid dat God aan ons 'n eie grondgebied sal gee waar ons nie onderworpe sal wees aan enige ander volk of volke nie.

Ons het ook geen begeerte om oor ander te heers nie; *ons verkies om net oor onself te heers, in 'n eie republiek op grond wat histories in elk geval aan ons behoort.*

Sou ons geskiedkundige dag van 16 Desember, soos ons dit wel bybels moet vier, vir enige mand 'n doring in die vlees wees, is hy welkom om uit die volk uit te skei, maar ons volk wil aan God die eer gee soos aan ons reeds voorgeskryf in Sy Woord. Mag God aan ons genade gee wanneer ons Hom wel alleen sou eer, en mag Hy dan die oorwinning bewerk op Sy eie wyse en manier, in Sy alwysheid.

Aan God drie-enig, wat ons telkens in die verlede van ons vyande verlos het, alleen al die eer!

Vir navrae kontak die voorsitter of my by 083 458 7459.

Ds. FERDIE DEVENIER
namens die Boere-Afrikanervolksraad

VOLKSRAADKENNISGEWING

Klag teen Jacob Zuma

Die S.A. Menseregtekommissie het nog nie geantwoord op die klag van haatspraak en aanhitsing tot rassehaat wat die HNP en die Volksraad op 21 Januarie 2016 teen Jacob Zuma by dié instelling gelê het oor Zuma se uitlating dat die Blankes die grond van Suid-Afrika by die Swartes sou gesteel het nie. Die laaste terugvoer wat ontvang is, was op 25 April 2016 toe meegedeel is dat die SAMRK nog besig was om die klag te evalueer ten einde te bepaal of dié liggaam jurisdiksie het om dit aan te hoor. Die aangeleentheid word gereeld opgevolg.

A.E. BREYTENBACH
Voorsitter

Kleinfontein, 24 Junie 2016

VOLKSRAADKENNISGEWING

Uitfasering van Afrikaans aan Universiteite

Die besluite van die Universiteite van Pretoria en Stellenbosch om Afrikaans as onderrigtaal aan dié eens Afrikaanse universiteite uit te faseer, vervreem die Boere-Afrikanervolk nog verder van die gemeenskaplike Suid-Afrika waarin De Klerk ons volk gedompel het.

Die opmerkings van die Rektor van Stellenbosch dat die universiteit se taalbeleid beskerming aan Afrikaans sal bied, herinner aan De Klerk se betekenislose “waarborge” toe hy die kiesers mislei het om vir sy “Nuwe Suid-Afrika” te stem. Van die “wigte en teenwigte” wat kastig witmense se kultuur sou beskerm, het niks gekom nie.

Elke keer wanneer die Boere-Afrikanervolk se regte in die gedrang kom, word die regmatigheid van die volk se aanspraak om homself in ‘n eie, soewereine staat te regeer,

opnuut bevestig. Die alternatief is uiteindelijke verswelging deur die massa tussen wie hy hom bevind.

A.E. BREYTENBACH
Voorsitter

Kleinfontein, 24 Junie 2016

Die Vaste Fondament

Pas op vir die valse profete wat in skaapsklere na julle kom en van binne roofsugtige wolwe is.

Aan hulle vrugte sal julle hulle ken. ‘n Mens pluk tog nie druive van dorings of vye van distels nie!

Matt. 7:15-16
